

COVID-19: Die pad vorentoe vir ons kerk

Geliefdes, ons bevind onself in ongekende tye, meeste van ons het nog nooit iets soos hierdie in ons leeftyd ervaar nie. Oomblikke van krisis is egter juis die oomblikke waarin ons van vooraf kan vra wat dit beteken om kerk te wees en wat die kerk se verantwoordelikheid is. Cyril Ramaphosa het baie akkuraat opgemerk: “Die koronavirus skep ’n nasionale ramp wat minder menslike kontak maar ook méér medemenslikheid van ons gaan vereis.”

As kerkraad het ons die moeilike besluit geneem om eredienste tot na Paasfees te kanselleer. Dit is met ander woorde die dienste van: 22 en 29 Maart, 5, 10 en 12 April. Daar is verskeie redes hoekom ons voel dat dit nou die regte en verantwoordelike ding is om te doen.

Ons doen dit NIE omdat ons paniekerig is nie. Ons wil ook op geen manier hê dat ons besluit sal bydra tot die massa histerie wat onder sommige heers nie. Ons doen dit ook nie omdat ons in vrees leef vir hierdie virus nie. Ons vra dus ook van julle om nie hierdie skrywe as ’n geleentheid te gebruik om paniek te saai nie. Ons wil hierdeur juis die teenoorgestelde doen, en vra van julle dieselfde. Afstandoening gaan nie in die eerste plek oor selfbeskerming nie, maar om te verhoed dat ons ’n skakel word waardeur die virus aan kwesbare mense oorgedra kan word. Om mekaar te vermy word dus in hierdie konteks ’n liefdesdaad. Laat ons dit in die komende weke onthou wanneer ons lewens omgekeer word en ons gefrustreerd raak deur die beperkings wat die rampsituasie op ons vryheid plaas.

Ons het hierdie besluit dus wel vir die volgende redes geneem:

1. Ons het ’n verantwoordelikheid om as gelowiges en landsburgers die hoogste gesag in die land se besluite te respekteer. Ons is trots op die drastiese stappe wat die regering geneem het ter wille van almal in die land se veiligheid.
2. Ons het ’n verantwoordelikheid teenoor ons gemeentede om die erns van die saak te kommunikeer. ’n Drastiese stap soos hierdie is dalk nou die mees effektiewe manier van kommunikasie.
3. Ons het ’n verantwoordelikheid teenoor ons mees weerlose gemeentede en waar hul dalk nie die oordeel het om hulself te beskerm nie, moet ons help.
4. Ons het ’n sosiale verantwoordelikheid teenoor ons gemeentede se werknemers, waarvan baie in uitdagende omstandighede woon en moet sover ons kan hul beskerm van enige onnodige blootstelling.
5. Alhoewel hierdie uit die aard van die saak ’n finansiële impak om die gemeente kan hê is ons veel meer bekommerd oor ’n groter, landswye ekonomiese krisis indien hierdie virus nie vroegtydig onder beheer gebring word nie. Daarom doen ons nou reeds ons deel, voor dit te laat is.

Ons onderneem om die volgende te doen:

1. Seker te maak dat gemeentede korrekte inligting ontvang aangaande die virus.
2. Aan te hou om goeie inhoud via video’s beskikbaar te stel op sosiale media. Hou asseblief ons webtuiste, Facebook blad en Youtube kanaal dop hiervoor (skakel hieronder).
3. Gesinne en klein groepies vriende aan te moedig om steeds op ’n Sondag bymekaar te kom en saam van hierdie inhoud te kyk en op hierdie manier kerk te wees.

4. 'n Spesiale geleentheid te skep rondom Goeie Vrydag wat nie noodwendig die bymekaarkom van 'n groot groep mense vereis nie.
5. Seker te maak dat ons bewus is van die gemeenskap se onmiddellike behoeftes en sover ons kan hiermee te help.
6. Nuut te dink oor wat dit beteken om kerk te wees in 'n tyd soos hierdie – “kerk-wees” is immers nie net “kerk toe kom” nie.
7. Die kerkkantoor oop te hou tydens gewone weeks-ure vir enige telefoniese of elektroniese navrae.

Ons vra van julle:

1. Om nie by te dra tot die paniek en massa-histerie wat op sommige plekke heers nie.
2. Seker te maak dat jul op hoogte bly van die nuutste en akkuraatste inligting beskikbaar. (Hieronder is 'n paar belangrike hulpbronne se skakels.)
3. Seker te maak dat die mense rondom julle wel bewus is van die erns van die saak.
4. Julle hande te was.
5. Ouer en kwesbare persone wat naby aan julle woon by te staan met inkopies en selfs gereelde oproepe om seker te maak dat hulle als het wat hul nodig het.
6. Te help om die materiaal wat ons beskikbaar gaan maak ook te versprei aan mense wat nie noodwendig toegang tot die internet of 'n rekenaar het nie.

Hulpbronne:

1. Sien die regering se **amptelike webtuiste**: <https://sacoronavirus.co.za/>
2. Die regering se uitstekende **Whatsapp hulpbron**: Stoor eenvoudig hierdie nommer: +27600123456 en stuur: "hi". Dit is nie 'n whatsapp groep nie en jy sal nie pespos ontvang nie. Dit verskaf korrekte, opgedateerde inligting met behulp van 'n interaktiewe spyskaart.
3. Sien die **NG Kerk se Pastorale brief aan Sinodes, Gemeentes en Predikante**
4. Publieke Getuienis se webtuiste met goeie inligting en voorstelle: www.publiekegetuienis.org/nuus
5. NG Kerk Bloubergstrand se YouTube Kanaal (Jy kan “subscribe” tot hierdie kanaal en wanneer jy op die klokkie klik sal jy boodskappe ontvang van nuwe materiaal wat opgelaaai is): <https://www.youtube.com/channel/UCGQLrJmEytGssf8RM9P5bw>

“Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde in dae oorgaan.”

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus

Ds Elmarie

Ds Marietjie

Maandelikse debietorder vorms is beskikbaar in die voorportaal of kontak die kantoor

Bankbesonderhede: NG Kerk Bloubergstrand, ABSA Table View, Tjek rek nr: 327 014 0539, Takkode: 632005



Snapscan